Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette Extraordinary

# Buitengewone Staatskoerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 45) (REGULASIEKOERANT No. 45)

VOL. II.] PRICE 5c. PRETORIA, 1 DECEMBER 1961. / 1 DESEMBER 1961. PRYS 5c. [No. 123.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF FINANCE.

No. R. 1111.] [1 December 1961.

EXCHANGE CONTROL REGULATIONS, 1961.

It is hereby notified that the State President has, in terms of section *nine* of the Currency and Exchanges Act, 1933 (Act No. 9 of 1933), made the Exchange Control Regulations as contained in the Schedule in this Notice.

SCHEDULE.

DEFINITION OF TERMS.

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"appropriate officer" means any officer of customs or excise, any immigration officer, any member of the South African Police or any person authorised by the Treasury to act as such;

"authorised dealer" means, in respect of any transaction in respect of gold, a person authorised by the Treasury to deal in gold, and in respect of any transaction in respect of foreign exchange, a person authorised by the Treasury to deal in foreign exchange;

"bond" includes any mortgage bond or notarial bond registered or registrable in any registration office in the Republic;

"Consolidated Revenue Fund" in the application of these regulations to the Territory of South-West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, means the revenue fund of the said Territory;

"foreign currency" means any currency other than currency which is legal tender in the Republic;

"*Gazette*" in the application of these regulations to the Republic means the *Government Gazette*, and in their application to the Territory of South-West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, means the *Official Gazette* of the said Territory;

"gold" means gold in any form, except in regulations 2 and 5 in which "gold" means any gold other than wrought gold;

"owner" in respect of any security, includes any person who has the right to dispose of or transfer that security, or who has the custody thereof, or who receives or has the right to receive, whether on his own behalf or on behalf of any other person, dividends or interest thereon, or who has any other interest therein;

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. R. 1111.] [1 Desember 1961.

DEVIESEBEHEERREGULASIES, 1961.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident, kragtens artikel *nege* van die Wet op Betaalmiddels en Wisselkoerse, 1933 (Wet No. 9 van 1933), die Deviesebeheerregulasies uitgevaardig het soos vervat in die Bylae van hierdie kennisgewing.

BYLAE.

WOORDBEPALING.

1. Tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie regulasies—

„bevoegde amptenaar", 'n doeane- of aksynsbeampte, 'n immigrasiebeampte, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie of iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om as sodanig op te tree;

„eienaar", ten opsigte van geldwaardige papiere, ook iemand wat die reg besit om sulke geldwaardige papiere weg te doen of oor te dra, of wat hulle in bewaring hou, of wat diwidende of rente daarop, hetsy vir eie rekening of namens iemand anders, ontvang of wat die reg daartoe het, of wat enige ander belang daarin het;

„Gekonsolideerde Inkomstefonds", by die toepassing van hierdie regulasies op die Gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, die inkomstefonds van genoemde Gebied;

„geldwaardige papiere", aandele, effekte, verbande, skuldbriewe, obligasies, eenheidsertifikate, asook 'n brief of ander dokument wat enige bewys van regte ten aansien van 'n geldwaardige papier verleen of bevat;

„gemagtigde handelaar", ten opsigte van enige transaksie wat in verband met goud staan, iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om in goud handel te drywe en, ten opsigte van enige transaksie wat in verband met deviese staan, iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om in deviese handel te drywe;

„goud", goud in alle vorme, behalwe in regulasies 2 en 5 waar „goud" ander goud as bewerkte goud beteken;

„oordra", ook oordrag by wyse van lening of sekerheidstelling, en vir die toepassing van hierdie regulasies word iemand geag geldwaardige papiere aan iemand buite die Republiek oor te dra as hy geldwaardige papiere van 'n register binne die Republiek na 'n register buite die Republiek oordra;

"Republic of South Africa" in the application of these regulations to the Territory of South-West Africa and the port and settlement of Walvis Bay, includes the said Territory and the said port and settlement;

"security" means shares, stock, bonds, debentures, debenture stock, unit certificates and includes any letter or other document conferring or containing any evidence of rights in respect of any security;

"sterling area" includes the Republic of South Africa, the Territory of South-West Africa and such other territories as the Treasury may by notice in the *Gazette* declare to be included in the sterling area;

"transfer" includes transfer by way of loan or security, and for the purposes of these regulations a person shall be deemed to transfer securities from the Republic elsewhere if he transfers securities from a register in the Republic to a register outside the Republic;

"Treasury" means the Minister of Finance and in respect of any power or function assigned to the Treasury by these regulations, includes any person authorised by such Minister to exercise or to perform such power or function.

RESTRICTION ON PURCHASE, SALE AND LOAN OF FOREIGN CURRENCY AND GOLD.

2. (1) Except with permission granted by the Treasury, and in accordance with such conditions as the Treasury may impose, no person other than an authorised dealer shall buy or borrow any foreign currency or any gold from, or sell or lend any foreign currency or any gold to any person not being an authorised dealer.

(2) An authorised dealer shall not buy or borrow or sell or lend any foreign currency or gold except on such conditions as the Treasury may determine and the Treasury may, in its discretion, by order prohibit any or all authorised dealers from selling or lending foreign currency or gold to any specified person or persons.

(3) Every person other than an authorised dealer desiring to buy or borrow or sell or lend foreign currency or gold shall make application to an authorised dealer and shall furnish such information and submit such documents as the authorised dealer may require for the purpose of ensuring compliance with any conditions determined under sub-regulation (2) of this regulation.

(4) No person other than an authorised dealer shall—

(*a*) use or apply any foreign currency or gold acquired from an authorised dealer for or to any purpose other than that stated in his application to be the purpose for which it was required; or

(*b*) do any act calculated to lead to the use or application of such foreign currency or gold for or to any purpose other than that so stated.

(5) If a person has, as a result of an application in terms of sub-regulation (3) of this regulation, obtained from an authorised dealer any gold or foreign currency and no longer requires all or any part of such gold or foreign currency for the purpose stated in his application, he shall forthwith offer for sale to the Treasury or an authorised dealer that gold or foreign currency which is not so required, which may be repurchased at the price at which it was sold to him or such other price as the Treasury may determine.

RESTRICTION ON EXPORT OF CURRENCY, GOLD, SECURITIES, ETC.

3. (1) Subject to any exemption which may be granted by the Treasury or a person authorised by the Treasury, no person shall, without permission granted by the Treasury or a person authorised by the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury or such authorised person may impose—

(*a*) take or send out of the Republic any bank-notes, gold, securities or foreign currency, or transfer any securities from the Republic elsewhere; or

„Republiek van Suid-Afrika", by die toepassing van hierdie regulasies op die Gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, ook genoemde Gebied en genoemde hawe en nedersetting;

„*Staatskoerant*", by die toepassing van hierdie regulasies op die Republiek, die *Staatskoerant* en, by die toepassing daarvan op die Gebied Suidwes-Afrika en die hawe en nedersetting Walvisbaai, die *Offisiële Koerant* van genoemde Gebied;

„sterlinggebied", die Republiek van Suid-Afrika en die Gebied Suidwes-Afrika en sulke ander gebiede as wat die Tesourie by kennisgewing in die *Staatskoerant* verklaar in die sterlinggebied inbegrepe te wees;

„Tesourie", die Minister van Finansies en, ten opsigte van enige bevoegdheid of funksie wat ingevolge hierdie regulasies aan die Tesourie toegewys is, ook iemand wat deur die Minister gemagtig is om sodanige bevoegdheid of funksie uit te oefen.

„verband" ook 'n verbandakte of notariële verband wat in 'n registrasiekantoor in die Republiek geregistreer is of registreerbaar is;

„vreemde valuta", enige geld wat nie in die Republiek wettige betaalmiddel is nie;

BEPERKING OP DIE AANKOOP, VERKOOP EN LEEN VAN VREEMDE VALUTA EN GOUD.

2. (1) Behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag niemand, behalwe 'n gemagtigde handelaar, vreemde valuta of goud koop of leen van, vreemde valuta of goud verkoop of leen aan, iemand wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie.

(2) Behalwe op voorwaardes wat die Tesourie mag stel, mag geen gemagtigde handelaar enige vreemde valuta of goud koop of leen of verkoop of uitleen nie en die Tesourie kan na goeddunke, by wyse van 'n bevel, alle gemagtigde handelaars of enigeen van hulle verbied om vreemde valuta of goud aan enige bepaalde persoon of persone te verkoop of te leen.

(3) Enigeen wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie en wat vreemde valuta of goud wil koop of leen of verkoop of uitleen, moet by 'n gemagtigde handelaar aansoek doen en moet die inligting verstrek en die dokumente indien wat die gemagtigde handelaar mag verlang ten einde nakoming van die voorwaarde of voorwaardes gestel by subregulasie (2) van hierdie regulasie te verseker.

(4) Niemand wat nie 'n gemagtigde handelaar is nie, mag—

(*a*) vreemde valuta of goud wat hy van 'n gemagtigde handelaar verkry het vir 'n ander doel gebruik of aanwend as dié wat hy in sy aansoek vermeld het as die doel waarvoor hy dit wou hê nie; of

(*b*) enigiets doen wat daarop bereken is om te lei tot die gebruik of aanwending van sodanige vreemde valuta of goud vir 'n ander doel as dié wat hy in voormelde aansoek vermeld het nie.

(5) As iemand as gevolg van 'n aansoek ingevolge subregulasie (3) van hierdie regulasie van 'n gemagtigde handelaar goud of vreemde valuta verkry het en al, of enige deel van, sodanige goud of vreemde valuta nie meer vir die doel in sy aansoek vermeld, nodig het nie, moet hy onverwyld die goud of vreemde valuta, wat nie nodig is nie, aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar te koop aanbied; dit mag teruggekoop word teen die prys waarteen dit aan hom verkoop is of sodanige ander prys as wat die Tesourie mag bepaal.

BEPERKING OP DIE UITVOER VAN GELD, GOUD, GELDWAARDIGE PAPIERE, ENS.

3. (1) Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie of 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, verleen mag word, mag niemand, behalwe met die toestemming van die Tesourie of van 'n persoon deur die Tesourie gemagtig, en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of die aldus gemagtigde persoon mag stel—

(*a*) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek neem of stuur nie, of enige geldwaardige papiere aan iemand buite die Republiek oordra nie; of

(b) send, consign or deliver any bank-notes, gold, securities or foreign currency to any person for the purpose of taking, sending or removing such bank-notes, gold, securities or foreign currency out of the Republic; or

(c) make any payment to, or in favour, or on behalf of a person resident outside the Republic, or place any sum to the credit of such person; or

(d) draw or negotiate any bill of exchange or promissory note, transfer any security or acknowledge any debt, so that a right (whether actual or contingent) on the part of such person or any other person to receive a payment in the Republic is created or transferred as consideration—

(i) for the receiving by such person or any other person of a payment or the acquisition by such person or any other person of property, outside the Republic; or

(ii) for a right (whether actual or contingent) on the part of such person or any other person to receive a payment or acquire property outside the Republic;

or make or receive any payment as such consideration; or

(e) make a loan or grant credit to any person in the Republic, or guarantee such loan or credit, where, as security for the repayment of the loan or credit, the lender or guarantor relies on any security, guarantee or undertaking, explicit or implied, furnished by a person or persons resident outside the Republic.

(2) Nothing in sub-regulation (1) contained shall prohibit the doing by a person authorised by the Treasury of anything within the scope of his authority.

(3) Every person who is about to leave the Republic and every person in any port or other place recognised as a place of departure from the Republic, who is requested to do so by the appropriate officer shall—

(a) declare whether or not he has with him any bank-notes, gold, securities or foreign currency; and

(b) produce any bank-notes, gold, securities or foreign currency which he has with him;

and the appropriate officer and any person acting under his directions may search such person and examine or search any article which such person has with him, for the purpose of ascertaining whether he has with him any bank-notes, gold, securities or foreign currency, and may seize any bank-notes, gold, securities or foreign currency produced or found upon such examination or search unless either—

(i) the appropriate officer is satisfied that such person is, in respect of any bank-notes, gold, securities or foreign currency which he has with him, exempt from the prohibition imposed by sub-regulation (1); or

(ii) such person produces to the appropriate officer a certificate granted by the Treasury which shows that the exportation by such person of any bank-notes, gold, securities or foreign currency, which he has with him does not involve a contravention of that sub-regulation.

No female shall be searched in pursuance of this sub-regulation except by a female.

(4) The appropriate officer and any person acting under his directions may examine or search any goods consigned or letters or parcels sent from the Republic to a destination outside the Republic, for the purpose of ascertaining whether there are being sent therewith any bank-notes, gold, securities, or foreign currency, and may seize any bank-notes, gold, securities or foreign currency found upon such examination or search, unless the

(b) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta aan iemand anders stuur, versend of oordra met die doel om sodanige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta uit die Republiek te neem, te stuur of te verwyder nie; of

(c) enige betaling aan of ten gunste of ten behoewe van iemand wat buite die Republiek woonagtig is, doen of so iemand met enige bedrag krediteer nie; of

(d) 'n wissel of promesse trek of verhandel, geldwaardige papiere oordra of 'n skuld erken nie wat tot gevolg sal hê dat daar 'n reg (hetsy werklik of voorwaardelik) aan die kant van so iemand of enige ander persoon geskep of oorgedra word om 'n betaling binne die Republiek te ontvang as teenprestasie—

(i) vir die ontvangs deur so iemand of enige ander persoon van 'n betaling of die verkryging deur so iemand of enige ander persoon van eiendom buite die Republiek; of

(ii) vir die reg (hetsy werklik of voorwaardelik) aan die kant van so iemand of enige ander persoon om buite die Republiek 'n betaling te ontvang of eiendom te verkry;

of 'n betaling vir sodanige teenprestasie doen of ontvang nie; of

(e) 'n lening maak of krediet toestaan nie aan enigeen binne die Republiek, of so 'n lening of krediet waarborg nie, waar die lener of borg op enige sekerheid of waarborg wat gegee is of verbintenis wat aangegaan is, uitdruklik of stilswyend, deur 'n persoon of persone wat buite die Republiek woonagtig is, as sekerheidstelling vir terugbetaling van die lening of krediet, staatmaak.

(2) Subregulasie (1) verbied niemand wat deur die Tesourie daartoe gemagtig is om binne die bestek van sy magtiging te handel nie.

(3) Iedereen wat op die punt staan om die Republiek te verlaat en iedereen in enige hawe of ander erkende plek van vertrek uit die Republiek van wie die bevoegde amptenaar dit verlang, moet—

(a) verklaar of hy enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta by hom het of nie; en

(b) enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat hy by hom het, te voorskyn bring;

en die bevoegde amptenaar, sowel as enigeen wat in opdrag van hom handel, kan so iemand visenteer en enige artikel wat hy by hom het, ondersoek om vas te stel of hy banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta by hom het en hy kan beslag lê op enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat te voorskyn gebring of wat na so 'n ondersoek of visentering gevind is, tensy òf—

(i) die bevoegde amptenaar daarvan oortuig is dat so iemand ten opsigte van enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat hy by hom het, vrygestel is van die verbod vervat in subregulasie (1); òf

(ii) so iemand aan die bevoegde amptenaar 'n sertifikaat toon wat deur die Tesourie uitgereik is en waaruit blyk dat die uitvoer van enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta, wat hy by hom het, nie 'n oortreding van daardie subregulasie is nie.

Geen vrouspersoon mag ingevolge hierdie subregulasie deur iemand anders as 'n vrouspersoon gevisenteer word nie.

(4) Die bevoegde amptenaar en enigeen wat in opdrag van hom handel, kan goedere versend of briewe of pakkies gestuur uit die Republiek na 'n plek buite die Republiek ondersoek of visenteer om vas te stel of enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta daarin aanwesig is en hy kan beslag lê op enige banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta wat as gevolg van so 'n ondersoek of visentering gevind word tensy die

appropriate officer is satisfied that the Treasury has granted a certificate which shows that the sending as aforesaid of the bank-notes, gold, securities or foreign currency does not involve a contravention of sub-regulation (1), and that such certificate was not granted in reliance on any incorrect statement.

(5) All bank-notes, gold, securities and foreign currency seized under sub-regulation (3) or (4) shall be forfeited for the benefit of the Consolidated Revenue Fund: Provided that the Treasury may, in its discretion, direct that any bank-notes, gold, securities or foreign currency so seized, be refunded or returned, in whole or in part, to the person from whom they were taken, or who was entitled to have the custody or possession of them at the time when they were seized.

(6) For the purposes of this regulation, any bills of exchange or promissory notes payable otherwise than in currency which is legal tender in the Republic shall be deemed to be foreign currency; and for the purposes of sub-regulation (1) (*a*), documents of title relating to securities shall be deemed to be securities, and references to securities in sub-regulations (3), (4) and (5) shall be construed as including references to such documents of title.

BLOCKED ACCOUNTS.

4. (1) In this regulation "blocked account" means an account opened with an authorised dealer for the purposes specified in the succeeding sub-regulations.

(2) Whenever a person in the Republic is under a legal obligation to make a payment to a person outside the Republic but is precluded from effecting the payment as a result of any restrictions imposed by or under these regulations, the Treasury may order such person to make the payment to a blocked account.

(3) The Treasury may by notice in the *Gazette* direct, in respect of—

(*a*) persons resident in a particular country; or

(*b*) any particular person whom the Treasury has reasonable grounds to suspect of having contravened any provision of these regulations relating to foreign exchange,

that all sums due by any other persons to persons referred to in (*a*) or (*b*) (hereinafter referred to as a "creditor") shall be paid into a blocked account.

(4) Whenever such direction has been given—

(*a*) any person who holds or may thereafter hold moneys on behalf of any creditor [as defined in sub-regulation (3)], or who is or may thereafter become indebted to such creditor, shall forthwith, or as the case may be, on the date upon which such moneys become due or such debt becomes payable, pay the said moneys or the sum representing such debt into the said blocked account;

(*b*) no person shall, without permission of the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury may impose, make any payment on behalf of any creditor as defined in sub-regulation (3);

(*c*) any person who owes money to such creditor but is not under a legal obligation to make a payment, unless called upon by his creditor to do so, shall forthwith report to the Treasury, in writing, the amount of his indebtedness to the said creditor and the conditions on which the amount will become payable. The Treasury may thereupon, if the amount is payable at call, order him to pay the amount forthwith into a blocked account, or, if the amount is payable within a specified period after notice, order him to pay the amount into a blocked account within such period;

bevoegde amptenaar oortuig is dat die Tesourie 'n sertifikaat uitgereik het waaruit blyk dat sodanige versending van banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta nie 'n oortreding van subregulasie (1) is nie en dat so 'n sertifikaat nie op grond van 'n onjuiste verklaring uitgereik is nie.

(5) Alle banknote, goud, geldwaardige papiere en vreemde valuta waarop kragtens subregulasie (3) of (4) beslag gelê is, word tot voordeel van die Gekonsolideerde Inkomstefonds verbeur; met dien verstande dat die Tesourie, na goeddunke, kan beveel dat die banknote, goud, geldwaardige papiere of vreemde valuta waarop aldus beslag gelê is, aan die persoon van wie hulle geneem is of wat ten tyde van die beslaglegging geregtig was om hulle in sy bewaring of besit te hê, geheel of gedeeltelik terugbetaal of teruggegee moet word.

(6) Vir die toepassing van hierdie regulasies word wissels en promesses betaalbaar in geld wat nie wettige betaalmiddel in die Republiek is nie, as vreemde valuta beskou; en vir die toepassing van subregulasie (1) (*a*) word eiendomsbewyse wat betrekking het op geldwaardige papiere as geldwaardige papiere beskou, en enige verwysing in subregulasies (3), (4) en (5) na geldwaardige papiere word geag verwysings na sodanige eiendomsbewyse in te sluit.

GEBLOKKEERDE REKENINGS.

4. (1) In hierdie regulasie beteken 'n „geblokkeerde rekening" 'n rekening wat by 'n gemagtigde handelaar geopen is vir die doeleindes vermeld in die navolgende subregulasies.

(2) Wanneer iemand in die Republiek wetlik verplig is om 'n betaling aan iemand buite die Republiek te doen maar hy verhinder word om so 'n betaling te doen vanweë beperkings wat by of ingevolge hierdie regulasies opgelê is, kan die Tesourie so iemand beveel om die betrokke bedrag in 'n geblokkeerde rekening te betaal.

(3) Ten opsigte van—

(*a*) persone wat in 'n bepaalde land woonagtig is, of

(*b*) enige bepaalde persoon wat deur die Tesourie op redelike gronde verdink word van 'n oortreding van enige bepaling van hierdie regulasies betreffende vreemde valuta,

kan die Tesourie by kennisgewing in die *Staatskoerant* beveel dat alle bedrae verskuldig deur enige ander persone aan persone wat in (*a*) en (*b*) genoem word (hieronder 'n „krediteur" genoem) in 'n geblokkeerde rekening betaal word.

(4) Sodra so 'n bevel uitgereik is—

(*a*) moet enigeen wat geld ten behoewe van 'n krediteur [soos in subregulasie (3) omskryf], hou of in die toekoms mag hou of wat by so 'n krediteur in die skuld staan of in die toekoms mag staan, onverwyld of op die dag wanneer sodanige geld verskuldig of sodanige skuld betaalbaar word, na gelang van die geval, die gemelde bedrae of die bedrag wat sodanige skuld verteenwoordig in voormelde geblokkeerde rekening betaal;

(*b*) mag niemand sonder vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel enige betaling ten behoewe van enige krediteur, soos in subregulasie (3) omskryf, doen nie;

(*c*) moet enigeen wat geld aan so 'n krediteur skuld maar nie wetlik verplig is om dit te betaal nie tensy hy deur sy krediteur aangesê is om dit te doen, onverwyld die Tesourie skriftelik in kennis stel van die bedrag wat hy aan genoemde krediteur verskuldig is en die voorwaardes waarop die bedrag betaalbaar sal word. Die Tesourie kan hom vervolgens beveel, mits die bedrag onmiddellik betaalbaar is, om sonder versuim die bedrag in 'n geblokkeerde rekening te betaal, of indien die bedrag binne 'n bepaalde tydperk na kennisgewing betaalbaar is, beveel om die bedrag binne sodanige tydperk in 'n geblokkeerde rekening te betaal;

(*d*) no person shall, without the permission of the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury may impose, undertake any transaction in respect of property or assets belonging to or directly or indirectly controlled by any creditor as defined in sub-regulation (3), or take any action whereby any moneys which would otherwise have accrued to such creditor, cease to become due to him or whereby any obligation resting upon such person to pay any moneys due or payable to such creditor into a blocked account would otherwise be evaded.

(5) Any payment made to a blocked account in terms of this regulation shall, to the extent of the sum paid, operate as a valid discharge to the person making payment.

(6) Where the liability to make the payment is a liability to make the payment in currency other than Republic currency, the amount of the liability in Republic currency and the extent of the discharge shall be ascertained by converting the amount into Republic currency at a rate fixed by the Treasury.

(7) No sum standing to the credit of a blocked account shall be dealt with in any way except with permission granted by the Treasury or a person authorised by the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury or such authorised person may impose.

(8) The Treasury may grant exemptions from the provisions of this regulation and may authorise the refund to any person of moneys paid by him into a blocked account. To the extent of such refund no payment shall be deemed to have been made for the purposes of sub-regulation (5).

ACQUISITION BY TREASURY OF GOLD.

5. (1) Every person resident in the Republic who becomes entitled to sell or to procure the sale of any gold shall, within thirty days after becoming so entitled, offer that gold or cause it to be offered, for sale to the Treasury or to a person authorised by the Treasury to act under this regulation; and the Treasury or a person so authorised may purchase that gold at such price as the Treasury may fix, being a price which, in the opinion of the Treasury, is not less than the market value of the gold on the day of purchase.

(2) (*a*) The provisions of sub-regulation (1) of this regulation shall not impose upon any person an obligation to offer any gold for sale or to cause any gold to be offered for sale, if he is, in respect of that gold, exempted from this regulation by the Treasury or by a person so authorised.

(*b*) The Treasury or a person so authorised may withdraw any exemption granted in terms of paragraph (*a*) of this sub-regulation.

(3) In any criminal proceedings against any person for failure to comply with sub-regulation (1)—

(*a*) if there is produced to the Court any document of which such person is proved or has admitted himself to be the author and which contains a statement by such person from which it may reasonably be inferred that any gold is held by him or on his behalf or in his name, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such person is entitled to sell or to procure the sale of the gold in question;

(*b*) if it is proved that such person is entitled to sell or to procure the sale of any gold it shall be presumed, until the contrary is proved, that the gold in question has not been offered for sale to the Treasury or to a person authorised by the Treasury within the period required by sub-regulation (1).

(*d*) mag niemand, behalwe met die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, enige transaksie aangaan ten opsigte van eiendom en bate wat aan enige krediteur, soos omskryf in subregulasie (3), behoort of wat regstreeks of onregstreeks deur hom beheer word, of enige stappe doen wat tot gevolg sal hê dat geld wat andersins so 'n krediteur sou toekom nie meer aan hom verskuldig sal wees nie, of dat enige verpligting wat op sodanige persoon rus om geld wat aan sodanige krediteur verskuldig of betaalbaar is in 'n geblokkeerde rekening te betaal andersins ontduik sal word.

(5) Enige inbetaling in 'n geblokkeerde rekening kragtens hierdie regulasie is vir die betaler daarvan 'n regsgeldige kwyting tot die bedrag van sodanige inbetaling.

(6) Waar die aanspreeklikheid om 'n betaling te doen 'n aanspreeklikheid is om in ander geld as Republiekgeld te betaal, word die bedrag van die aanspreeklikheid in terme van Republiekgeld en die mate van kwyting, bereken deur die bedrag in Republiekgeld om te sit volgens 'n koers wat deur die Tesourie vasgestel word.

(7) Behalwe met die vergunning van die Tesourie of iemand wat die Tesourie daartoe gemagtig het en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of so iemand mag stel, mag daar op generlei wyse met enige bedrag waarmee die geblokkeerde rekening gekrediteer is, gehandel word nie.

(8) Die Tesourie kan vrystelling toestaan van die bepalings van hierdie regulasie en kan magtiging verleen vir die terugbetaling aan die persoon van gelde wat hy in die geblokkeerde rekening betaal het. Tot die bedrag van sodanige terugbetaling word beskou dat geen betaling vir die toepassing van subregulasie (5) gedoen is nie.

VERKRYGING VAN GOUD DEUR DIE TESOURIE.

5. (1) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en die reg verkry om goud te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, moet binne dertig dae nadat hy sodanige reg verkry het, daardie goud aan die Tesourie, of aan iemand wat die Tesourie gemagtig het om kragtens hierdie regulasie te handel, te koop aanbied of laat aanbied; en die Tesourie of iemand wat daartoe gemagtig is, kan die goud aankoop teen 'n prys wat die Tesourie mag bepaal en wat volgens die oordeel van die Tesourie nie laer is as die markwaarde van die goud op die dag van aankoop nie.

(2) (*a*) Die bepalings van subregulasie (1) van hierdie regulasie verplig niemand om goud te koop, aan te bied of te laat aanbied nie as hy ten opsigte van daardie goud van die bepalings van hierdie regulasie deur die Tesourie of iemand wat daartoe gemagtig is, vrygestel is.

(*b*) Die Tesourie, of iemand wat daartoe gemagtig is, mag enige vrystelling wat kragtens paragraaf (*a*) van hierdie subregulasie verleen is, intrek.

(3) As daar in 'n strafregtelike proses teen iemand wat versuim het om aan subregulasie (1) te voldoen—

(*a*) aan die hof 'n dokument voorgelê word waarvan so iemand, volgens bewys of eie erkenning, die outeur is en wat 'n verklaring van so iemand bevat waarvan redelik afgelei kan word dat goud deur hom of ten behoewe van hom of op sy naam gehou word, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat so iemand die reg het om die betrokke goud te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig;

(*b*) bewys word dat so iemand die reg het om goud te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, dan word vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat die betrokke goud nie binne die tydperk by subregulasie (1) bepaal, aan die Tesourie of aan iemand wat die Tesourie gemagtig het, te koop aangebied is nie.

ACQUISITION BY THE TREASURY OF FOREIGN CURRENCY.

6. (1) Every person resident in the Republic who becomes entitled to sell or to procure the sale of any foreign currency, shall within thirty days after becoming so entitled, make or cause to be made, a declaration in writing of such foreign currency to the Treasury or to an authorised dealer.

(2) Every person resident in the Republic who becomes entitled to assign or to procure the assignment of any right to receive outside the Republic, in respect of any credit or of any balance at a bank, payment of any amount in a foreign currency shall, within thirty days after becoming so entitled, make or cause to be made, a declaration in writing of such right to the Treasury or to an authorised dealer.

(3) Any person who has, in terms of sub-regulation (1) or (2), made a declaration in writing to the Treasury or to an authorised dealer, shall be deemed to have offered such foreign currency or such right, as the case may be, for sale to the Treasury or to such authorised dealer and the Treasury or such authorised dealer may purchase such foreign currency or such right at a price which, in the case of foreign currency, shall not be less than the market value of that currency on the day of purchase and, in the case of a right, shall be such as the Treasury may fix.

(4) Any person from whom the Treasury or an authorised dealer purchases foreign currency or a right in terms of this regulation shall do all things necessary for the purpose of transferring that foreign currency or assigning that right to the Treasury or to such authorised dealer.

(5) No person who is entitled (whether actually or contingently) to receive a payment in a foreign currency shall, except with permission granted by or on behalf of the Treasury and in accordance with such conditions as may be imposed by the Treasury or on its behalf do, or refrain from doing, any act with intent to secure that—

(*a*) the receipt by him of the whole or any part of the payment in such currency is delayed;

(*b*) the payment ceases, in whole or in part, to be receivable by him or receivable in that currency;

(*c*) the contingency on which the right to receive payment as aforesaid is dependent (including the declaration of a dividend or profit by a company in which such person has an interest), does not eventuate.

(6) Any foreign currency or any right in respect of which a declaration has been made in terms of sub-regulation (1) or (2) but which has not been purchased by the Treasury or by a person authorised by the Treasury to act under this regulation shall not be sold, transferred or otherwise disposed of without the permission of the Treasury and in accordance with such conditions as the Treasury may impose.

(7) The provisions of sub-regulations (3), (4) and (6) shall not impose upon any person an obligation in respect of any foreign currency or any right if he is, in respect of that currency or that right, as the case may be, exempted from this regulation by the Treasury.

(8) The Treasury may withdraw any exemption granted in terms of sub-regulation (7).

(9) For the purposes of this regulation any person who has at any time since the commencement of these regulations been in the Republic shall be deemed, until the contrary is proved, to have been and still to be resident in the Republic.

(10) (*a*) Subject to any exemption which may be granted by the Treasury, no person shall export from the Republic goods which exceed in value twenty rand or such greater amount as the Treasury may determine, unless the relative bill of entry export in respect of such goods is

VERKRYGING VAN VREEMDE VALUTA DEUR DIE TESOURIE.

6. (1) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en die reg verkry om vreemde valuta te verkoop of die verkoop daarvan te bewerkstellig, moet binne dertig dae nadat hy sodanige reg verkry het aan die Tesourie of aan 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike opgawe van sodanige vreemde valuta verstrek of laat verstrek.

(2) Iedereen wat in die Republiek woonagtig is en geregtig word om, ten opsigte van enige krediet of balans in 'n bank 'n oordrag te maak of te bewerkstellig van 'n reg op betaling in vreemde valuta buite die Republiek, moet binne dertig dae nadat hy aldus geregtig geword het, aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike verklaring van sodanige reg maak of laat maak.

(3) As iemand aan die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar 'n skriftelike verklaring ingevolge subregulasie (1) of (2) gemaak het, word dit beskou dat hy sodanige vreemde valuta of sodanige reg, na gelang van die geval, aan die Tesourie of aan sodanige gemagtigde handelaar te koop aangebied het, en die Tesourie of sodanige gemagtigde handelaar kan daardie vreemde valuta of reg aankoop teen 'n prys wat, in die geval van die vreemde valuta, nie minder mag wees as die markwaarde van daardie valuta op die dag van aankoop nie en, in die geval van 'n reg, sodanig is as wat die Tesourie mag bepaal.

(4) Enigeen van wie die Tesourie of 'n gemagtigde handelaar vreemde valuta of 'n reg ingevolge hierdie regulasie koop, moet alle stappe doen wat nodig is ten einde daardie vreemde valuta of daardie reg aan die Tesourie of aan sodanige gemagtigde handelaar oor te dra.

(5) Niemand wat geregtig is (hetsy werklik of voorwaardelik) om betaling in vreemde valuta te ontvang mag, behalwe met vergunning van of namens die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie of iemand namens die Tesourie mag stel, enigiets doen of versuim om te doen met die bedoeling om die volgende te bereik:—

(*a*) dat sy ontvangs van die volle of slegs 'n deel van die betaling in sodanige valuta vertraag word;

(*b*) dat sy ontvangs van betaling, of van betaling in daardie valuta, geheel of gedeeltelik gestaak word;

(*c*) dat die gebeurtenis waarop die reg berus om voormelde betaling te ontvang (met inbegrip van die verklaring van 'n diwidend of wins deur 'n maatskappy waarin so iemand 'n belang het) nie voorval nie.

(6) Enige vreemde valuta of enige reg in verband waarmee 'n verklaring ingevolge subregulasie (1) of (2) gemaak is, maar wat die Tesourie of iemand wat deur die Tesourie gemagtig is om kragtens hierdie regulasie te handel, nog nie aangekoop het nie, mag nie sonder die vergunning van die Tesourie en ooreenkomstig die voorwaardes wat die Tesourie mag stel, verkoop, oorgedra of andersins weggedoen word nie.

(7) Die bepalings van subregulasies (3), (4) en (6) lê niemand 'n verpligting ten opsigte van enige vreemde valuta of enige reg op nie as hy, ten opsigte van daardie valuta of daardie reg, na gelang van die geval, van die bepalings van hierdie regulasie deur die Tesourie vrygestel is.

(8) Die Tesourie mag enige vrystelling wat kragtens subregulasie (7) verleen is, intrek.

(9) Vir die toepassing van hierdie regulasie word daar beskou, totdat die teendeel bewys word, dat enigeen wat te eniger tyd sedert die inwerkingtreding van hierdie regulasies in die Republiek was, in die Republiek woonagtig was en nog woonagtig is.

(10) (*a*) Behoudens enige vrystelling wat deur die Tesourie verleen mag word, mag niemand goedere vanuit die Republiek uitvoer nie wat twintig rand in waarde te bowe gaan of sodanige groter bedrag as wat die Tesourie mag bepaal, tensy die betrokke inklaringsbrief-uitvoer ten

accompanied by a declaration in such form as may be prescribed by the Treasury, duly completed and signed by the consignor or a person duly authorised by him and attested by an authorised dealer; provided that—

(i) where the goods are forwarded through the post, a declaration in the said form so completed, signed and attested, shall be furnished to the postmaster at the time the parcel is handed in at the post office; and

(ii) where goods are exported to countries outside the Republic from stations where there are no customs officers, a copy of the relative declaration shall be handed to the attesting authorised dealer for submission to the South African Reserve Bank.

(*b*) The Treasury may direct that the said declaration shall be completed in respect of any commodity or article, irrespective of its value.

(*c*) For the purposes of this sub-regulation "value" shall mean—

(i) for customs purposes, the value as defined in section *one hundred and eight* of the Customs Act, 1955 (No. 55 of 1955); and

(ii) for the purposes of an authorised dealer, the full proceeds of the goods exported.

(11) If in any criminal proceedings against any person for a contravention of sub-regulation (1) of this regulation there is produced to the Court any document of which such person is proved or has admitted himself to be the author and which contains a statement by such person from which it may reasonably be inferred that any foreign currency is held by him or in his name or on his behalf, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such person is entitled to sell or to procure the sale of the foreign currency in question.

(12) If in any criminal proceedings against any person for a contravention of sub-regulation (2) of this regulation there is produced to the Court any document of which such person is proved or has admitted himself to be the author and which contains a statement by such person from which it may reasonably be inferred that any amount is standing to his credit outside the Republic or that he has any balance at a bank outside the Republic, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such person is entitled to assign or to procure the assignment of such a right as is referred to in the said sub-regulation (2).

(13) If in any criminal proceedings against any person for a contravention of sub-regulation (1) or (2) of this regulation, it is proved that such person is entitled to sell or to procure the sale of or to assign or to procure the assignment of any foreign currency, it shall be presumed, until the contrary is proved, that a declaration in writing has not been made to the Treasury or to an authorised dealer within the period required by sub-regulation (1) or (2), as the case may be.

DECLARATION OF FOREIGN ASSETS AND LIABILITIES.

7. (1) Every person resident in the Republic who is, or becomes, entitled to sell or to procure the sale of any foreign asset, shall within thirty days after becoming so entitled, make or cause to be made, a declaration in writing in the form prescribed by the Treasury of such foreign asset to the Treasury or to an authorised dealer. Such declaration shall state when and how such foreign asset was acquired, where it is held and whether and to what extent it is held in cover for or in respect of any foreign liability.

(2) Any foreign asset in respect of which a declaration has been made in terms of sub-regulation (1) of this regulation shall not be sold, transferred or otherwise disposed of without the permission of the Treasury, and in accordance with such conditions as the Treasury may impose.

opsigte van gemelde goedere vergesel gaan van 'n verklaring, in 'n vorm wat die Tesourie mag voorskryf, wat behoorlik deur die afsender, of 'n persoon wat deur hom daartoe gemagtig is, ingevul en onderteken en deur 'n gemagtigde handelaar geattesteer is; met dien verstande dat—

(i) waar goedere oor die pos gestuur word, 'n verklaring, in voormelde vorm ingevul, onderteken en geattesteer, aan die posmeester verstrek moet word wanneer die pakkie by die poskantoor ingelewer word; en

(ii) waar goedere uitgevoer word na lande buite die Republiek vanaf stasies waar daar geen doeanebeamptes is nie, 'n afskrif van die betrokke verklaring aan die attesterende gemagtigde handelaar vir voorlegging aan die Suid-Afrikaanse Reserwebank oorhandig moet word.

(*b*) Die Tesourie kan gelas dat voormelde verklaring ingevul moet word ten opsigte van enige handels- of ander artikel, afgesien van die waarde daarvan.

(*c*) Vir die toepassing van hierdie subregulasie beteken „ waarde "—

(i) vir doeanedoeleindes, die waarde soos omskryf in artikel *honderd-en-agt* van die Doeanewet, 1955 (No. 55 van 1955); en

(ii) vir die doeleindes van 'n gemagtigde handelaar, die volle opbrengs van die goedere uitgevoer.

